NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

NUUSBRIEF
JULIE 2018

KEURINGS

Die keurings vir 2018 is behartig deur 4 verskillende Tegniese Adviseurs, nl. Lourens Swart, Kiep le Pen, Paul Klein en Danie Erasmus vanaf Suid Afrika. Ons kon dus die keurings vinniger afhandel as in die verlede. Die Genootskap het oor die algemeen goeie terugvoerings ontvang en telers was baie tevrede.

OORDRAGTE

Graag wil ons, ons telers bedank vir hul samewerking deur die diere wat hulle verkoop het te laat oordra na die nuwe eienaars. Die Namibiese kantoor het baie oordragte die laaste paar maande uitgepos aan die nuwe eienaars met n Simmentaler of Simbra joernaal. Hierdie word as baie belangrike ras promosie beskou .

TELERSDAE

Die Simmentalers het n baie suksesvolle telersdag aangebied by Hendrik en Waldi Hamman van die Iris Stoetery . Die dag was bygewoon deur n groot groep Simmentaler telers. Die dag is geborg deur SANTAM.

In samewerking met Voermeester is n Simmentaler Promosiedag aangebied by die Summit Stoet van mnr Piet Du Toit. Die dag het gepaard gegaan met aktuele lesings wat aangebied was deur Kiep Lepen, Roelie Venter en Dawid Krause. Verder is die dag vir promosie gebruik om die beeste vir die Summit Veiling aan telers bekend te stel. Die praktiese demonstasie van die diere is deur Lourens Swart en Paul Klein hanteer.

NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

Die Simbra Telers het n telers besoek telersdag aangebied by Edila Kohler. Die naweek besoek op haar plaas in die Kamanjab distrik was n groot sukses.

Graag wil ons as Genootskap aan Edila Kohler, Eddie en Tertia Stone, asook Hendrik en Waldi Hamman bedank dat hulle hul plase beskikbaar gestel het vir al die telersdae.

DNA HAARMONSTERS

Die Genootskap het n Suid Afrikaanse Invoer Permit vir haarmonsters na Unistel gekry. Dit maak dit vir telers moontlik om haarmonsters wettig na Unistel te stuur. Daar is sertifiseerde afskrifte by die Simkantoor beskikbaar vir telers wat die koeverte moet vergesel.

Die volgende prosedure moet gevolg word
1. Die hare moet in koeverte wees.
2. Dan moet die klein koeverte in n groot oop koevert verpak wees. Veeartseny wil kan sien dat daar sterthare in die kleiner koeverte is. Ook die grensbeamptes as hulle dit wil oopmaak.
3. Die sakkies moet getel wees.
4. Dit word dan in n wit cooler box gepak, gekoop by Agra.
5. Die box word met 2 aluminium seels geseel, deur die veearts, gekoop by SWAVET
6. N gesertifiseerde afskrif van die Master Permit word dan saam met n permit van Veeartseny aangeheg. Die permitte kan by die Simkantoor verkry word.
7. Daar moet n invoice by wees vanaf die teler aan Unistel vir 100 dollar, waarop o N$ 15.00 betaal word vir customs.

Telers wat belangstel kan Hennie kontak. Hy sal enige vrae beantwoord , maar ons vra dat telers self die haarmonsters moet pos of dan koerier om seker te maak alles is reg . Dit is ook belangrik dat die Genootskap of dan Hennie, as sekretaris geen verantwoordelikheid aanvaar vir die verpakking weggestuur nie. Dit berus by die telers om monsters betyds te stuur en om seker te maak dat dit by Unistel uitkom.

NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

SIMXTRAVAGANZA VEILING

Die SimXtravaganza veiling word aangebied op Vrydag, 19 Oktober 2018 om 11h00 by die Agra veilingskrale te Windhoek.

Tydens keurings is bulle geidentifiseer deur die TA'S wat geskik is vir die veiling. Ons versoek telers om van hierdie bulle in te skryf en die veiling te ondersteun.

Ons as Genootskap wil graag n veiling aanbied met kwalitieit Simmentaler en Simbra diere.

SIMMENTALER KURSUS

N Simmentaler beginnerskursus is aangebied op die plaas Bornholm van Kaspar en Stefani Gunzel in die Grootfontein distrik. Kaspar Gunzel en Alex de Koning het as die kursusaanbieders opgetree. Baie dankie aan die Günzel gesin om hul diere en fasiliteite beskikbaar te stel en ook aan Alex De Koning wat gehelp het om die kursus aan te bied.

BEOORDELAARSSIMPOSIUM

Die Genootskap beplan n beoordelaarssimposium op 14 November om 14h00 by die Simmentaler Brahman Huis. Die aand sal gesellig afgesluit word saam met al ons beoordelaars.

LANDBOUSKOUE 2018

Tydens die Windhoek Skou bied die Simmentalers n 125 jaar nasionale kampioenskap aan.

Die datums vir die Landbouskoue is as volg:
Grootfontein; 19 tot 21 September
Gobabis: 20 tot 22 September
Rehoboth: 20 tot 22 September
Windhoek: 28 September tot 6 Oktober

Beoordelaars
Gobabis: Simmentalers, Stephan Voigts
Simbras, Thunis Cocklin

Windhoek: Simmentalers, Jan van Biljon en Erich Schulenburg
Simbras, Stephan Voigts, Paul Klein en Egbert Hoff

Die ander landbouskoue sal om koste te bespaar beoordelaars wat op hul skoue teenwoordig is gebruik.

$$$